

*Die beker van
smart*

Ek begin dadelik met die Skrif om die pad van die beker van smart uit te haal

Num. 5:11-27 Verder het die HERE YHUUH met Moses gespreek en gesê: 12 Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: As iemand se vrou afwyk en 'n troubreuk teen hom begaan, :13 hoewel sy haar verontreinig het ...14 en daar kom 'n gees van jaloersheid oor hom, sodat hy jaloers word op sy vrou terwyl sy haar inderdaad verontreinig het; of 'n gees van jaloersheid kom oor hom, sodat hy jaloers word op sy vrou terwyl sy haar nie verontreinig het nie; :15 dan moet die man sy vrou na die priester bring, ... :16 En die priester moet haar laat nader kom en haar voor die aangesig van die HERE VADER stel. :17 En die priester moet heilige rein water in 'n erdepot neem; en van die stof wat op die vloer van die ongelik tabernakel is, moet die priester neem en in die water gooi. :18 Daarna moet die priester die vrou voor die aangesig van die HERE VADER stel en die hare van die vrou losmaak, ...; en in die hand van die priester moet daar wees die water van bitter smart wat die vloek bring.:19 ...:21 so moet dan die priester die vrou met die eed van vervloeking besweer, en die priester moet aan die vrou sê: Mag die HERE VADER jou tot 'n vervloeking en 'n verwensing maak onder jou volk deurdat die HERE VADER jou heup baarmoeder laat inval en jou skoot maag laat opswel;:22 en mag hierdie water wat die vloek bring, in jou ingewande ingaan om die skoot maag te laat opswel en die heup baarmoeder te laat inval. Dan moet die vrou sê: Amen, amen Amein, amein!:23 Daarna moet die priester hierdie vervloeking op 'n blad skrywe en dit in die water van bitter smart uitwis; :24 en hy moet die vrou laat drink die water van bitter smart wat die vloek bring, sodat die water wat die vloek bring, in haar kan ingaan tot bitter smart.:27 En as hy haar die water laat drink het, dan sal, as sy haar verontreinig en teen haar man troubreuk begaan het, die water wat die vloek bring, as bitter smart in haar ingaan, en haar skoot maag sal opswel en haar heup baarmoeder inval; en die vrou sal onder haar volk 'n vervloeking wees.

Mense die gedeelte uit Númeri is 100% op ons as uitverkore van toepassing. YHUUH is jaloers op ons as Sy bruid. Hy sien hoe Sy volk Hom bedrieg en dat hulle willekeurig tussen die volke se gode flankeer.

Mig. 4:9 Waarom skreeu jy nou so hard? Is daar geen koning in jou nie? Of het jou raadgever omgekom, sodat smart jou aangegryp het soos van een wat baar? Jer. 30:6 Vra tog, en kyk of 'n manspersoon baar? Waarom sien ek elke man met sy hande op sy heupe soos een wat baar, en is alle aangesigte in bleekheid verander? Jes. 21:3 Daarom is my heupe vol siddering, weë het my aangegryp soos die weë van een wat baar; ek buig my krom, sodat ek nie hoor nie; ek is verskrik, sodat ek nie sien nie. As ons die boonste Skrif gedeeltes ontleed sal ons sien dat die vrou se oneerbaarheid ontbloot word en dat dit oorgaan in straf.

Nou ons as die vrou van YHUUH moet ieder en elk die beker neem en drink sodat ons VADER kan wys dat ons eerbaar staan voor HOM om SY (*ons "Man"*) Seun te behaag. Soos ons weet was ons voorouers (*en onself*) nie in staat om die beker te lig om daarvan te kon drink weens hulle (*en ons*) oortredinge nie.

Nou hier kom 'n groot lering en antwoord vir die wat aan YHUUH behoort. *Joh 18:11 Toe sê Jesus YAHUSHA vir Petrus: Steek jou swaard in die skede. Die beker wat die VADER My gegee het, sal Ek dit dan nie drink nie? Joh. 19:28-30 Hierna, omdat Hy geweet het dat alles al volbring was — sodat die Skrif vervul sou word — het Jesus YAHUSHA gesê: Ek het dors! :29 En daar het 'n kan vol asyn gestaan; en hulle het 'n spons met asyn gevul en op 'n hisopstingel gesit en aan sy mond gebring. :30 En toe Jesus YAHUSHA die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het Sy hoof gebuig en die gees gegee. Ons as Sy vrou moes die "asyn" drink, maar kon ons die beker neem en drink?*

VADER het geweet dat ons nie die beker kon neem nie en dus verdoem was weens ons hoerery. Ons was verlore weens ons aardes begeertes en daarom het VADER SY Seun gestuur dat Hy moes intree vir Sy uitverkorevrou anders was alles verlore.

In 1Jo 4:9-14 lees ons: *Hierin is die liefde van God VADER tot ons geopenbaar, dat God VADER SY eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.:10 Hierin is die liefde: nie dat ons God VADER liefgehad het nie, maar dat HY ons liefgehad het en SY Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes oortredinge. :11 Geliefdes, as God VADER ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê. :12 Niemand het God VADER ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God VADER in ons en het SY liefde in ons volmaak geword. :13 Hieraan weet ons dat ons in HOM bly en HY in ons, dat HY ons van SY Gees gegee het. :14 En ons het aanskou en ons getuig dat die VADER die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het.*

Met die informasie kan ons nou sien watter beker YAHUSHA gedrink het. Hy het die beker van stof en vertrapping van die vloer van die tabernakel gedrink vir Sy vrou Israel / Jakob. Twee maal het YAHUSHA gevra dat die beker Hom moes verbygaan, maar VADER het besluit dat YAHUSHA dit moes deurstaan. YAHUSHA het geweet dat verwerping van VADER sou intree as Hy die beker drink. Voor die foltering het YAHUSHA die slaan en skoppe verduur (Joh.19:3) en so ook die gésel verduur (Joh.19:1) en al die vleeslike marteling wat jy kan aan dink en tog was dit nie so erg soos die beker waarvoor Hy gebid het wat Hom verby moes gaan.

Soos genoem was die beker die vrou sin, maar YAHUSHA het ons kom loskoop deur Sy 'Bloed' en marteling, maar die gal/ ou wyn (Num.5:17) was vir Hom die vernederendste daad wat Hy moes doen; ek wil amper sê die gevaarlikste daad, want verwerping lê daarin. *Matt. 10:28 En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees HOM (VADER) liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel.*

Met die gelese vers weet ons ook nou wat Matthías vir ons sê in: *Matt. 27:46 en omtrent die negende uur het Jesus YAHUSHA met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God VADER, My God VADER, waarom het U My verlaat?*

VADER sou nie vir YAHUSHA verlaat het omrede Hy geslaan en gemartel was deur buitelanders nie, maar wel toe Hy die "beker" gedrink het terwyl Hy aan die folterpaal gehang het. *Joh. 19:30 En toe Jesus YAHUSHA die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het Sy hoof gebuig en die gees gegee.*

Die vervloeking in Númeri het YAHUSHA op Homself geneem. Almal wat die vervloeking ontvang het in die verlede was verwerp, en daarom was die dood beter as om te lewe. Om Num.5:27 te verstaan moet ons kyk na` *en haar skoot maag sal opswel en haar heup baarmoeder inval; en die vrou sal onder haar volk 'n vervloeking wees.*

Maag beteken: "n tydelike versamelplek". Kosse kom tydelik in die maag waarvan die liggaam daaruit gevoed word. Dus kan dit gesien word as "n versorging punt vir die liggaam. Soos kos die liggaam voed kan die versamelplek ook die tydelike stoorplek wees van: skok, kranksinnigheid en bekommernis. Die maag word beïnvloed deur sintuie en die siel. Die maag van "n vrou is ook die plek wat die nuweling in die baarmoeder voed. As die vrou nie eet nie sal die baba sterf. Baarmoeder beteken: die plek van voorbring of om lewe te skenk. Elke orgaan van die liggaam in hul totaliteit is baie belangrik vir die bestaan van die menslike liggaam. Die maag soos ons bo sien moet voedsel ontvang anders vergaan die liggaam.

Nou die boodskap van Num.5 is soos volg: Die uitverkore volk het geëet en geëet van al die volke rondom hulle (kerkleer, allegorie). Hulle het geword soos manne wat met hul hande op hul heupe staan. Vol en vet gevoer van die heidense lekkernye. Hulle het hul Koning verstoot vir die heidense gode. Hulle het so gulsig geëet dat hulle behoorlik opgeswel het. *Hos 10:1 Israel was 'n weelderig uitbottende wynstok wat sy vrug voortgebring het; hoe meer vrug hy gedra het, des te meer altare het hy gebou; hoe beter dit met sy land gesteld was, des te beter het hy die klippilare gemaak.*

VADER het ons voorvaders die beker laat drink en gesien dat hulle op die pad is na die ewige verderf. HY het hulle "baarmoeder" gesluit. VADER was moeg om met die volk te handel. HY was moeg om orde onder hulle te reël. HY was moeg van hulle brandoffers. Daarom wou HY nie meer met die volk te doen hê nie. HY het dat die baring van volksleiers en hoofde stop. HY het dat die eens groot en magtige nasie waarvoor die wêreld bang voor was vertrap word. HY het hulle gelos dat hulle maar opswel en tog niks vir HOM voortbring nie. Dit is net basters en moffies en alles wat teen die skepping van ons VADER en Seun is. *Deut. 23:17 Daar mag geen hoer uit die dogters van Israel wees nie; en daar mag geen skandseun (moffie) uit die seuns van Israel wees nie* (1Kon.14:24; 15:12; 22:47; 2Kon. 23:7).

Maar nee die volk doen die teenoorgestelde: *Jes. 1:5 Waar wil julle nog geslaan word, dat julle voortgaan met af te wyk? Die hele hoof is siek, en die hele hart is krank. :6 Van die voetsool af tot die hoof toe is daar geen heel plek aan nie, maar wonde en kwesplekke en vars houe! Hulle is nie uitgedruk of verbind of met olie versag nie.:7 Julle land is 'n wildernis, julle stede is met vuur verbrand, vreemdes verteer julle landerye in jul teenwoordigheid, en dit is 'n wildernis soos by 'n omkering deur vreemdes.*

Nou hier kom YAHUSHA wat gestuur was deur VADER as Middelaar. Hy kom as "Losser". Hy wys ons al die verkeerd uit en vra dat ons na Hom moet oplet en sien en verstaan wat Hy hier kom doen het. Hy kom en neem die beker wat vir ons bedoel was en drink dit (Matt.26:39). Hy word deur die opstandige verag en ook Sy dissipels / apostels. Wat YAHUSHA die kwaaieste getref het, was om deur VADER verlaat te word (Matt.27:46). Daarom die woorde van YAHUSHA: "Waarom het U My verlaat"

1Joh. 3:23 Staan: En dit is SY (VADER) gebod, dat ons in die Naam van SY Seun, Jesus Christus YAHUSHA dié Gesalfde, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het. 4:10 Hierin is die liefde: nie dat ons Gød VADER liefgehad het nie, maar dat HY ons liefgehad het en SY Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes oortredinge.

Ek sluit met "n laste openbaring dat YAHUSHA net vir Sy "vrou" die jaloesie mengsel aan die folterpaal gedrink het.

Jer. 14:9 Waarom sou U wees soos 'n man wat verslae is, soos 'n held wat nie kan verlos vrykoop nie? U is tog in ons midde, o HERE YHUH, en U Naam is oor ons uitgeroep. Verlaat ons nie! Dan. 9:19 Here YHUH, hoor! Here YHUH, vergeef! Here YHUH, merk op en doen dit, vertoef tog nie, om U ontwil, my Gød Skepper; want U Naam is oor U stad en U volk uitgeroep. Jes. 43:1 Maar nou, so sê die HERE, YHUH jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos vrykoop; Ek het jou by jou naam geroep; jy is Myne!

Jes. 45:4 ter wille van Jakob, My kneg, en Israel, My uitverkorene, het Ek jou by jou naam geroep; Ek het jou 'n erenaam gegee, hoewel jy My nie geken het nie. Lev. 20:26 En julle moet vir My heilig rein wees, want Ek, die HERE, YHUH is heilig rein; en Ek het julle van die volke afgesonder om Myne te wees. Ps.89:4 Ek het 'n verbond gesluit met My uitverkorene, met 'n eed aan Dawid, My kneg, belowe: Ps.105:6 o nageslag van Abraham, Sy kneg, o kinders van Jakob, Sy uitverkorenes! Deut. 28:9 Die HERE YHUH sal jou vir Hom as heilige reine volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, as jy die gebooi van die HERE YHUH jou God Skepper hou en in Sy weë wandel. :10 En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van die HERE YHUH oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees (Die gelese verse uit die Ou Verbond bevestig YHUH wie Sy uitverkore vrou is).

Joh. 17:11 En Ek (YAHUSHA) is nie meer in die wêreld (alle volke) nie, maar hulle (12 stamme van Jakob / Israel) is in die wêreld; en Ek (YAHUSHA) kom na U (VADER) toe. Heilige Reine VADER, bewaar in U Naam die wat U My gegee het, (Israëliete / Jakobs kinders) sodat hulle een kan wees net soos Ons. (Ek haal aan uit: Eseg. 37:16 En jy, mensekind, neem vir jou 'n stuk hout, en skrywe daarop: Vir Juda en vir die kinders van Israel, sy bondgenote; en neem 'n ander stuk hout en skrywe daarop: Vir Josef (die hout van Efraim) en die hele huis van Israel, sy bondgenote. :17 Voeg hulle dan vir jou bymekaar, die een by die ander, om een stuk hout te wees, en laat hulle een word in jou hand). 1Kor.16:13; 2 Kor.7:14; 2 Sam.6:2; Jes.63:19; Eseg.16:8

Matt. 15:24 ... Hy (YAHUSHA) antwoord en sê: Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel. Dus het YAHUSHA aan die folterpaal die drank gedrink wat aan Sy vrou (net na Israel) gebied was, wat Hom verdoem het. Met die drank het Hy die skuldias van Sy vrou oor Hom geneem. Deur die jaloesie drank aan die folterpaal het VADER Hom verlaat. Die 'jaloesie mengsel' was as wet daargestel net vir die 12 stamme en nie vir die wêreld nie.

Mense die beker wat gedrink was deur ons voorvaders, het gestop by die folterpaal van ons Koning. Hy het ons oortredinge op Hom geneem en gesterf. Hy het weer na 3 dae opgestaan as 'n nuweling wat nie meer verwerp was deur VADER nie. Daarom het Hy opgevaar en gaan sit aan die regterhand van VADER. Hy kom weer terug na die wat ingekeer, bekeer en gewas is van oortredinge. Die wat glo in die Seun van VADER. Die wat glo en weet dat daar 'n VADER en 'n Seun is as aparte Wesens. Die wat besef dat YAHUSHA die beker van pyn en smart vir ons gedrink het aan die folterpaal (Joh.19:30). Kom onder die vaandel van beskerming. Kom as 'n nuweling ja as 'n nuutgeborene. Maak jou gereed, want ons Koning ("Man") is op pad!

Bedink dit